

Inhoudsopgawe

Voorwoord	13
1. Openbaring of verwarring?	15
2. Die eerste ontvangers	27
3. Die eerste visioen (1:1-20)	35
4. Die boodskap aan die sewe gemeentes (2:1-3:22)	53
5. Die tweede visioen (deel 1) (4:1-5:14)	79
6. Die tweede visioen (deel 2) (6:1-8:1)	97
7. Die derde visioen (8:2-11:19)	121
8. Die vierde visioen (12:1-14:20)	153
9. Die vyfde visioen (15:1-16:21)	185
10. Die sesde visioen (17:1-19:21)	197
11. Die sewende visioen (20:1-22:21)	215
Bibliografie	239

Openbaring of verwarring?

Die boek Openbaring. Is dit 'n openbaring of 'n verwarring?

Op 22 Oktober 2012 het ek op Facebook (In Jesus se Voetspore) die volgende vrae gevra: “Wie van julle verstaan nie Openbaring nie? Wie is deurmekaar oor hoe Openbaring interpreteer moet word? Wie het besluit om liever nie die boek te lees nie, want dis te moeilik? Wie is verward oor al die goed wat al oor Openbaring gesê is?” Sommer gou het meer as 200 mense hierop geantwoord. Sommige het geskryf dat hulle die boek wonderlik vind, maar die meeste het geantwoord dat die boek duister is en dat hulle dit nie graag lees nie. Hier is 'n paar van die negatiewe reaksies:

- Ek! Dit kon netsowel Chinees wees!
- Watter weergawe van al die “waarhede” wat aan die skrywers “openbaar” is, kan ek aandag aan gee?
- Ja definitief. Ek lees nooit Openbaring. Verstaan glad nie. Maak nie sin vir my nie!

- Ek het tot 'n boek gekoop ('n BAIE dik boek) wat Openbaring beter moet verduidelik, maar ek is nog steeds baie verward. En ek het Openbaring al 'n paar maal deurgelees.
- Openbaring is 'n pragtige boek, maar soveel mistastings en teorieë. Dis geen wonder mense is verward nie! Soveel mense wat sê: Luister na "ons" ... "ons" het die waarheid ... a-millennium ... post-millennium ... lees Daniël ... lees dit en lees dat ... probeer alles uit-*figure* en die tekens van die tye lees ... alle gebeure inpas in wat vandag gebeur en môre gaan gebeur ... Maar Openbaring is 'n wonderlike woord!

In die opvolggesprek wat ons daarvoor op Facebook gehad het, het nog mense gereageer en gesê:

- Ja, dit is nogal 'n storie nè. Ek dink die arme mense het nie 'n idee gehad wat aangaan nie. Veral met al die profesieë wat eers volbring moes word, ensovoorts.
- Dit is 'n wonderlike woord en ek verstaan die boek Openbaring redelik. Ek het wel ook baie preke gehoor van die boek, selfs van predikers met doktorsgrade. Dit klink dan vir my of die een die boek meer ingewikkeld wil maak as die ander. Hulle moet eerder die boek so verduidelik dat elke Christen dit kan verstaan. Hoe geletterd hy ook al is.

Vir die grootste gedeelte van my lewe was die boek maar bra duister. Vandat ek vier jaar oud is, luister ek na preke, seminare en verduidelikings, is ek omring met boeke en kursusse, video's, DVD's, films en kassette oor die betekenis van Openbaring. Voor ek graad 1 bemeester het, kon ek reeds die grafieke en tydsindelings van Openbaring (soos aan my oorgedra deur leraars van die dag) volledig weergee. 'n Mens kan sê ek was redelik onderlê in die betekenis van die boek. Anders as wat jy dalk sou verwag, het my insig in die boek nie verdiep nie, maar uiteindelik gelei tot oorweldigende frustrasie. Hoe meer ek ge-

hoor het, hoe minder het ek verstaan. Nes ek dink ek verstaan iets, lees ek iets wat my deurmekaarmaak. Met verloop van tyd het hierdie “iets” opgehoop tot ’n berg.

Dis toe wat ek besluit Openbaring is ’n onoorkomelike berg, en ek het die aftog met die boek geblaas. My verweer op die nederlaag was eenvoudig dat ek nie glo die boek moes ooit in die Bybel gewees het nie. Hoe so? Wel, alles maak sin van Genesis tot by Judas en dan doem hierdie frats van ’n boek skielik op! Dis onverstaanbaar en onbetroubaar. Elke verduideliking van die boek waaraan ek blootgestel was, het ek oor vier dekades op niks sien uitloop. Die verduidelikings is so ingewikkeld en tegnies dat, het ek gedink, slegs iemand met ten minste ’n meestersgraad in wiskunde dalk ’n lig in die tunnel sou kon uitmaak! Ek is wedergebore en vervul met God se Gees, maar klaarblyklik nie “gevorderd” genoeg om te verstaan wat in Openbaring staan nie. Kortom, my gees het nooit gesprong as ek Openbaring lees nie, inteendeel.

Toe ontdek ek lig in die tunnel (sonder ’n meestersgraad in wiskunde)!

My “openbaring” oor Openbaring is toevallig nie iets nuuts nie. Dis so oud soos die boek self. Dis so oud soos die openbaring van God aan die mense van die vroegste tye af. Die deurbraak het gekom in die vorm van ’n vraag:

“Wat het Openbaring beteken vir die eerste mense aan wie dit geskryf was?”

Jy sal dit dalk nie glo nie, maar ek het nog nooit aan hierdie vraag gedink nie. Meer nog, ek het nog nooit ’n preek gehoor of ’n boek geles wat hierdie vraag gevra én probeer antwoord het nie. Wat van jou? Het jy al ooit ’n verduideliking gehoor van wat die eerste ontvangers van Openbaring verstaan het van die dier wat uit die see opkom, of die dier uit die aarde, of die merk van die dier, of die sewe trompette, of die 144 000? Ek het nog nooit

so 'n preek gehoor nie! Wat die meeste van die interpreteerders van Openbaring betref, was die boek vroeg vanoggend spesiaal nét vir ons in 1975 1985 1995 2005 2012 geskryf.

Die vraag was 'n groot deurbraak vir my, want ek het besef ek het nie die boek verstaan nie omdat ek dit dalk nie soos 'n Bybelboek behandel nie. In alle waarskynlikheid vertoon Openbaring vreemd omdat ek dit vreemd hanteer.

Is dit nódig om hierdie vraag te vra? Die kort antwoord is "Ja". Hoekom is dit nodig? Die antwoord op die vraag: "*Wat het Openbaring beteken vir die eerste mense aan wie dit geskryf was?*" het te make met die dissipline van korrekte interpretasie. Geen boek in die Bybel word geïnterpreteer sonder om hierdie vraag te vra nie. Om die Bybel te probeer interpreteer sónder om hierdie vraag te vra, is die eerste van 'n reeks foute wat tot waninterpretasie gaan lei. Enige ander Bybelboek hanteer ons met dissipline en toewyding om seker te maak ons verstaan die boodskap van die boek reg. In teologie word hierdie dissipline eksegeses en hermeneutiek genoem.

Eksegese

Die Bybelboeke is hoofsaaklik in Grieks en Hebreeus geskryf. Eksegese is die dissipline van korrekte vertaling van die Griekse of Hebreeuse woorde. Die "korrekte vertaling" behels die vertaling van 'n woord in hedendaagse taal soos die oorspronklike lesers dit verstaan het. Kom ek gee 'n vereenvoudigde voorbeeld. Wat beteken die sin "*I am gay*"? Jy sou kon sê dit beteken iemand erken hy/sy is homoseksueel. Maar as hierdie sin in die Middeleeue geskryf is, mag dit die betekenis drasties verander. Wat het die oorspronklike lesers verstaan toe hulle dit lees? Hoe was die woord *gay* gebruik ten tyde van die skrywe daarvan? Dan ontdek ons die woord het beteken "ek is gelukkig" of "ek is vrolik". Dis in kort wat eksegese is. Letterlik beteken eksegese om "uit te haal". Ek delf in 'n teks en laat toe dat die betekenis

van die teks deur die teks verklaar word. Daar is 'n teenoorgestelde tot eksegetiese genaamd eisegese. Dis wanneer ek my eie betekenis in 'n woord inlees en dan die teks vertaal soos ek dit graag wil sien. Mense doen dit graag met die Bybel en veral met Openbaring.

Hermeneutiek

Waar eksegetiese hoofsaaklik met die interpretasie van woorde te make het, is hermeneutiek die interpretasie van idees en boodskappe. Die goue reël van hermeneutiek is "then, there – here, now". Hermeneutiek sluit in om die situasies te leer ken waaruit antieke geskrifte gekom het sodat ons die boodskap aan ons vandag, in óns konteks kan verstaan.

Paulus skryf byvoorbeeld in 1 Korintiërs 11 dat vroue hulle hoofde moet bedek. Neem ons dit net so, of is daar iets anders? Hermeneutiek behels deeglike navorsing oor die situasie in die kerk in Korinte (dis nou die "then, there"), en wat Paulus eintlik vir hulle in hulle situasie sê. Deur hermeneutiek vind ons uit dat dit die kulturele gebruik vir vroue in Korinte was om hul hoofde te bedek. Slegs prostitute het nie hul hoofde bedek nie en hul hare geskeer. Die vroue in die gemeente het gesê hulle is in Jesus vrygemaak van hierdie reëls en het met onbedekte hoofde en selfs geskeerde hare diens bygewoon. Dit het sosiale amok veroorsaak! Al die aandag was op die vroue in plaas van op die Here. Wat is die boodskap vandag (die "here, now")? Moenie op só 'n manier aantrek of iets doen wat die aandag op jouself vestig nie. Die gemeenskap van die gelowiges gaan nie oor jou nie, maar oor Christus. Jou hoed in die kerk vandag kan dalk die presiese dieselfde reaksie hê as die onbedekte vroue in Korinte.

Ons moet moeite doen om uit te vind

- wie die oorspronklike ontvangers van 'n betrokke skrywe was;

- wat die omstandighede was waarin hulle geleef het;
- wat die spesiale behoeftes of sake was wat moontlik aanleiding tot die skrywe van die boek kon gee;
- en wat God se boodskap aan daardie mense was in daardie tydperk en spesiale omstandighede.

Eers dán begin ons vra: “Wat is God se boodskap aan ons vandag deur dieselfde boek?”

My skok oor Openbaring was dat ek vir baie jare nooit blootgestel was aan die eksegetiese en hermeneutiese van Openbaring nie. Niemand het vrae gevra oor die eerste ontvangers en hulle wêreld en lewens nie, want almal “weet” dis vanoggend spesiaal vir ons geskryf. Niemand het gevra wat God se boodskap aan die oorspronklike ontvangers was nie, want almal “weet” die boodskap is eintlik vir ons nou – in die Laaste Dae. Rooi ligte flikker ernstig. Sommer ’n hele paneel vol!

Belangrike vrae wat ons vandag moet vra

Hoekom het Jesus vir Johannes die opdrag gegee om dinge neer te skryf wat nie regtig vir hulle bedoel was nie? Was Jesus bedrieglik in sy opdrag? Het Hy vir Johannes gesê om iets onder vals voorwendsels te skryf aan mense in 95 n.C., maar dit eintlik bedoel vir die mense van die tyd waarin ons nou leef?

Jesus is nooit bedrieglik nie. Sy boodskap deur Johannes was letterlik bedoel vir die mense aan wie dit gerig was. Die hele inhoud van die boek was gerig aan die gelowiges in die eerste eeu na Christus soos dit in die boek staan. Die boodskap van Openbaring sou geen impak op die eerste ontvangers gehad het, as dit nie vir hulle bedoel en op hulle van toepassing was nie.

Wanneer het die Laaste Dae aangebreek? Was dit met die aanbreek van die 20ste eeu of met die opstanding van Jesus? Hoe-

kom het die dissipels Jesus se wederkoms in hulle eie leeftyd verwag as dit nie reeds die Laaste Dae was nie?

'n Mens hoor dikwels gelowiges sê: "Ons is nou in die laaste dae." Hulle is nie verkeerd nie! Ons is in die laaste dae, maar die "laaste dae" het nie aangebreek met ingang van die jaar 2000 nie. Die "laaste dae" het aangebreek met die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Ons sien byvoorbeeld dat Jakobus die gelowiges berispe met die woorde: "Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae" (Jak. 5:3). Dis duidelik uit die wederkomsverwachting van die gelowiges van die eerste kerk dat hulle verstaan het die "laaste dae" is nie iets wat ééndag gaan kom nie, maar dat hulle reeds daarin leef en die voltooiing van hul geloof, naamlik die wederkoms van Jesus, verwag.

Het die eerste ontvangers van Openbaring die boek verstaan, of was hulle stomgeslaan oor die inhoud daarvan? Het hulle verstaan dat die boodskap aan hulle gerig was, of was hulle oortuig dis nie vir hulle generasie nie (maar eerder vir gelowiges baie eeue later)? En as die inhoud ook vir hulle bedoel was, hoe kan dit op hulle én ons van toepassing wees?

Alle aanduidinge is daar dat Johannes en die eerste ontvangers van Openbaring die boodskap deeglik verstaan het, aangesien die boodskap eerstens aan hulle gerig was. 'n Woord van bemoediging wat totaal onverstaanbaar is, het immers geen nut nie. Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 14 dat dit belangrik is om verstaanbaar in die gemeente te bedien sodat mense opgebou en bemoedig kan word. Dit was presies ook die geval met Openbaring aan die eerste ontvangers. Johannes se lofsang in hoofstuk 1 getuig van die bemoediging wat hy deur die openbaring ontvang het. Hy het dit verstaan en dit het sy gees opgehelder.

Alhoewel die omstandighede waarin ons vandag leef dalk drasties van die eerste ontvangers verskil, is die kern van die

boodskap aan hulle nog net so van toepassing op ons vandag – soos dit ook die geval is met die hele Bybel. Paulus verduidelik aan Timoteus: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Tim. 3:16-17). Met Openbaring sal dit nie anders wees nie. Die hele boek was op die eerste ontvangers van toepassing en die hele boodskap is ook op ons van toepassing.

Kan daar dele in Openbaring wees wat nie op ons van toepassing is nie? Ja, daar is ook sulke dele, maar dit behels geskiedkundige en geografiese faktore van die eerste ontvangers wat nie deel is van die tyd en wêreld waarin ons leef nie. Byvoorbeeld, ons is nie meer onder Rome se beheer nie en ons president is nie die keiser nie. Maar ons het soortgelyke faktore wat sterk met daardie veranderlikes van die eerste ontvangers vergelyk. Ons is ook onder wêreldstelsels net soos hulle was. Ons regering kan ons ook as Christene vervolg soos dit met hulle die geval was. God het belowe om die wêreld waarin die eerste ontvangers geleef het te oordeel, soos Hy ook doen met die wêreld waarin ons vandag leef.

Kan daar dele in Openbaring wees wat nêr op ons van toepassing is vandag en nie op die eerste ontvangers nie? Nee, ek glo nie. Die hele boek was relevant vir die eerste lesers en het ’n direkte invloed op hulle uitgeoefen binne die omstandighede waarin hulle geleef het, anders sou dit vir hulle geen nut gehad het nie. Daar is byvoorbeeld geen profesie in Openbaring wat aandui dat Rusland vir Amerika gaan inval met tenks en aanvalshelikopters nie. Só ’n bewering sou die inhoud heeltemal buite die bereik van die eerste ontvangers geplaas het. Daar is ook geen profesie in Openbaring wat aandui dat die hele wêreld mikroskopies onder hul velle gaan kry en vervolg gaan word as hulle dit nié doen nie. So ’n bewering sou eweneens die inhoud buite die bereik van die eerste ontvangers geplaas het.

Daar is wel dele van die boodskap wat nie vervul is in die leeftyd van die eerste ontvangers nie, maar dit het geen afbreuk gedoen aan die boodskap se impak nie. Voorbeelde hiervan is die wederkoms van Christus, die oordeel oor Rome en God se oordeel oor dié wat die gelowiges vervolg en vermoor.

Openbaring was 100% aktueel vir die eerste ontvangers en, wonderbaarlik genoeg, is 100% aktueel vir ons vandag. Hoe is dit dan dat die eerste ontvangers die boodskap verstaan het, maar ons so kleitrap vandag? Die rede daarvoor is eintlik eenvoudig. Die boek is geskryf in 'n taal en agtergrond wat baie goed aan die eerste ontvangers bekend was. Ons is meer as 2 000 jaar reeds verwyder van die omstandighede en taal van die boek Openbaring. Dit is hoekom ons eksegetiese en hermeneutiek op Openbaring moet toepas om die boek net so helder en duidelik te verstaan soos die eerste ontvangers dit gedoen het.

Watter bemoediging, indien enige, het die eerste ontvangers uit hierdie boek geput?

Een van die kosbare skatte van die boek Openbaring is die onthulling van die "groter prentjie" op 'n manier wat 'n mens nog nie voorheen gesien het nie. Wanneer ons praat van 'n groter prentjie bedoel ons daardie insig in 'n saak wat 'n mens perspektief gee deur 'n geheelbeeld te verskaf sodat 'n mens alles in verhouding kan sien. Soms is 'n mens só betrokke in 'n situasie dat jy heeltemal die geheelbeeld verloor en so ook perspektief inboet. Dit kan 'n mens op baie sypore laat beland waaronder moedeloosheid en wanhopigheid. Die mens verloor baie maklik perspektief in die lewe, veral wanneer dit sleg gaan en dit lyk of daar geen uitkoms gaan wees nie. Dis dan wanneer 'n mens vra: "Waar is God? Is daar 'n God? Sien Hy my? Hoor Hy my gebede? Gaan Hy iets aan my situasie doen? Is God nog in beheer?" Daar is natuurlik niemand beter as God om die geheelbeeld of "groter prentjie" te verskaf nie. Met die openbaring van God se groter prentjie kom daar verligting, bediening, gene-

sing, vertroosting en versterking. Die groter prentjie wat God voorsien, beskik egter oor één baie belangrike eienskap. God se geheelbeeld bestaan nie uit gebeure nie, maar uit 'n Persoon. Wanneer ons God se geheelbeeld sien, sien ons nie eerstens 'n volgorde van gebeure nie, maar ons sien die majesteit van 'n Persoon – die Lam van God wat op die troon sit. Jesus Christus is God se geheelbeeld!

Die boek is 'n openbaring van die Seun en enige openbaring van die Seun gryp 'n mens se gees en laat dit hoog bo die omstandighede uitstyg. Die openbaring van Openbaring is die rede vir Dawid se lied: “Van die einde van die aarde af roep ek U aan as my hart beswyk; lei my op 'n rots wat vir my te hoog is. Want U het 'n toevlug vir my geword, 'n sterk toring teen die vyand” (Ps. 61:3-4). Dít is die ware bemoediging van Openbaring. Soos jy weldra sal sien in die volgende hoofstuk het die eerste ontvangers van Openbaring al die goddelike bemoediging nodig gehad wat hulle kon kry!

Voorspel Openbaring dan nie die gebeure in die wêreld voor Jesus se wederkoms nie? Word die einde van die wêreld nie in Openbaring beskryf nie? Is dit wat nou gebeur nie 'n vervulling van Openbaring nie?

Die antwoord hierop is ja en nee. As openbaring van Christus is die boek 'n insig in dit wat gebeur voor Jesus weer kom – ongeag wanneer daardie tyd sal wees. Die eerste gelowiges het geglo dit sal nog in hul eie leeftyd wees. Die boodskap van openbaring was waar vir hulle in hul afwagting op die wederkoms net soos dit waar is vir ons vandag in ons afwagting op Jesus se terugkeer. Die boek beskryf baie akkuraat wat Jesus se oordele en uitsprake is oor die wêreld wat Hom weerstaan. Maar, teenstrydig met populêre sieninge oor Openbaring, voorspel die boek nie spesifieke gebeure, soos die totstandkoming van Israel as 'n staat in 1948, of die totstandkoming van die Europese Unie, of die uitvinding van die strepieskode/inplanting van mikrosky-

fies, of 'n laaste oorlog tussen Amerika en Rusland, of dat Henry Kissinger/Michail Gorbatsjof/Saddam Hoesein die antichris is, of dergelike dinge nie. Om die nuus op TV te kyk en te sê dis 'n direkte vervulling van Openbaring kan óf waar óf onwaar wees, afhange van wat jy daarmee bedoel.

Moet asseblief nie die boek summier hier verwerp nie! Wat ek so pas gesê het, is dalk anders as wat jy in die seminar oor Openbaring by jou gemeente geleer het, maar lees asseblief biddend verder.

Is al die leraars wat seminare oor Openbaring aanbied dan verkeerd?

Vir seker nie! Daar is heelwat leraars en teoloë wat Openbaring reg vertolk, maar hulle is nie so hoorbaar soos dié wat die meer populêre weergawe voorhou nie. Ons moet verstaan dat baie mense Openbaring vertolk op 'n manier wat aan hulle oorgedra is. Ek het grootgeword met 'n bepaalde vertolking van Openbaring en dit was die enigste vertolking wat ek geken het. Almal wat ek geken het, het hierdie vertolking voorgestaan. Niemand het vrae gevra nie, want niemand het gedink dis nodig nie. Mense wat Openbaring verkeerd of anders vertolk, is nie boos of antichristelik nie. Daar is baie opregte, dierbare gelowiges wat Openbaring verkeerd vertolk uit onkunde.

Moet ook nie uit die oog verloor nie dat die populêre vertolking van Openbaring sorg vir heelwat opwindende boeke en fliëks! Ek is nie seker of die populêre vertolking van Openbaring deur Hollywood beïnvloed is, en of Hollywood deur die populêre vertolking van Openbaring beïnvloed is nie, maar die uitbeelding van Openbaring deur filmvervaardigers is heeltemal skeefgetrek. Kom ek gee jou 'n voorbeeld. As ek die woord *apocalypse* sê, waaraan dink jy? Miskien die fliëk? Aardbewings? Die einde van die wêreld? Die Engelse woord *apocalypse* kom van die Griekse woord *apokalypsis* wat eenvoudig "openbaring" of "bekendmaking" beteken. Die Bybelse woord beteken

“die openbaring van Jesus Christus” (Op. 1:1). Dit beteken die “bekendmaking van Jesus Christus”. Die Hollywood-definisie en woordgebruik het ver afgewyk van die werklike.

Hoe onderskei ons dan wat is ’n vervulling van Openbaring en wat is nie? Ons gaan, soos reeds voorgeneem, begin by wat die boek vir die eerste ontvangers beteken het. Sodra ons dít sien, is die boodskap en toepaslikheid van die boek vir ons vandag heelwat duideliker!